Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

***Visie:*** *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
***Missie :*** *Geloof, Koinonia en Getuienis*
Jaargang 26 2de Kwartaal 2025

## EERSTE LIEFDE – DIE PRYS



Reeds as jongman, eintlik nog die bedorwe seun van die ryk boer Jacob, begin God se snoeiskêr in Josef die dromer, soos sy broers hom genoem het, wilde lote uitsnoei - takkie vir takkie. Die snoeiskêr moet diep sny om vir Josef gereed te kry vir die roeping wat God vir hom bedoel het. God se plan vir die jongman was dat hy tot strateeg moes ontwikkel wat derduisende mense van 'n gewisse hongerdood moes red. Die potensiaal was reeds daar, maar die EK was ook daar en dít kon die potensiaal pootjie.

Die eerste stap om die EK uit Josef se dink te verwyder, was dat sy eie broers hom as slaaf moes verkoop en hy het in die huis van Potifar, die bestuurder van die koning of Farao van Egipte, se huishouding beland. So word die bedorwe seun uit 'n rykmanshuis verneder tot 'n slaaf. Die Bybel vertel dat Josef sy werk as slaaf in Potifar se huis met soveel uitnemendheid gedoen het, dat Potifar hom as bestuurder oor sy hele huishouding aangestel het. Mevrou Potifar was heel beïndruk met "die jong Hebreër" en het by hom aangehou om owerspel met haar te pleeg. Ek haal Josef se antwoord aan mevrou Potifar hier aan soos die Bybel dit weergee: "Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!"

Net 'n brandende liefde vir God, en daarom ook respek vir Sý voorskrifte, kon vir Josef staal teen die vrou van sy baas se soet woordjies en haar subtiele lyftaal. Wat hierdie optrede van Josef nóg meer aangrypend maak, is die feit dat hy nie in die nuwe testamentiese tyd geleef het waar hy geweet het dat die Seun van God vir Sy sonde gesterf het nie. Daar was ook nog nie 'n geskrewe Woord van God nie. Nee, sy pa het vir Josef van God se beskerming en voorskrifte vertel en Josef se diepste hart het besluit dat God se wil ook sy wil sal wees - daarom was God elke oomblik by Josef en hy het dit geweet.

Natuurlik was mevrou Potifar woedend en sy vertel vir haar man dat Jósef by háár aangelê het. Josef is summier in die tronk gegooi - vir dertien jaar was hy daar toegesluit. Leuens het Josef se karakter probeer pootjie en hom in die tronk laat beland, maar wat was Josef se reaksie teenoor nóg 'n onreg wat hom aangedoen is? Die tronkbewaarder het Josef se onbesproke karakter raakgesien en stel hom aan as onderbewaarder. Josef het hierdie taak met nougesetheid bemeester en hy het gegroei in menseverhoudings en 'n sterk karakter.

Uiteindelik het die Farao vir Josef uit die tronk laat haal en hom as onderkoning aangestel. Toe die Here sien dat Josef God se universiteit met welslae deurloop het, verander die Here Josef se plek in die samelewing van 'n slaaf in die gevangenis van die Farao tot onderkoning van een van die magtigste moondhede van sy tyd.

Josef het 'n keuse gehad. Hy kon 'n "pity party" gehou het en homself lewenslank in die "ag siestog EK-kerker" opgesluit het. Hy het egter gekies om God eerste te stel in sy lewe, al het dit beteken dat hy onskuldig vir dertien jaar in 'n tronk moes deurbring. Hy het gekies om deur die ewige Pottebakker van binne na buite gevorm te word en in 'n vuuroond gebak te word totdat alle "onsuiwerhede" wat in hom was, deur die vuur vernietig sou wees.

Mag die Here ook vir ons die genade gee om Sy snoeiskêr binne-in ons te omarm sodat Hy altyd eerste in ons lewens sal wees

*Adam Gertenbach*

**PINKSTER 2025**




Sondagaand 1 Junie was die begin van die tradisionele reeks Pinksterbidure vir 2025, in die NG Moederkerk van Parys, waargeneem deur ds Lukas Meyer. Die Skrifgedeelte wat oordink is, is die gelykenis van die tien meisies uit Matteus 25.

**Jou voorreg - jy is oppad na 'n fees (Mat 25:1)**

Die tien meisies is beeld van die kerk in 'n feesstoet op pad na die ewigheid en vir wie die Here herinner aan sy wederkoms sodat ons nie onverhoeds betrap word nie. Almal van ons het 'n uitnodiging ontvang: die kaartjies is meer as 2000 jaar gelede op 'n kruishout geskryf. Lyk die kerk vandag soos 'n feesstoet of dalk 'n begrafnisstoet? Met Pinkster het dinge verander: die Heilige Gees maak van die kerk 'n gelukkige bruid wat uitsien na 'n huweliksfees.

**Is jy voorbereid? (Mat 25:2-3)**

Uiterlik lyk die tien meisies eners: hulle het lampe, leef met 'n verwagting om die bruidegom te ontmoet, weet nie wanneer hy sou kom nie, raak aan die slaap en skrik weer wakker. Kerkmense lyk ook taamlik eners, maar nie vir God nie; Hy trek 'n streep tussen hulle en sê: hier is verstandiges en hier is dwases, mense wat die ewige lewe het en ander nie. Wat is dan die verskil tussen die meisies?

Verstandig of dwaas het niks te doen met IK of karakter of aanleg nie - maar wel met keuses. Die dwases was nalatig en kortsigtig. Hulle het geweet hulle was persoonlik verantwoordelik om olie saam te neem - en hulle het nie! Die verskil tussen die verstandiges en die dwases lê by die basis van hul verhouding tot die bruidegom. Die afleiding wat ons maak is: my betrokkenheid en my meeleef met die kerk maak op die einde nie van my 'n deelnemer aan die fees nie. Hoe my lamp lyk is nie die bepalende nie, maar wel wat hy in hom het - olie. Wat is hierdie olie waarna Jesus verwys? Johannes 6:47 gee die antwoord: "***Wie in My glo, het die ewige lewe" -*** daardie persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus! Met Pinkster vier ons die koms van die Heilige Gees waarvan olie die simbool is. Die Heilige Gees maak die geloof in 'n mens wakker, steek jou lamp aan die brand en begelei jou tot in die ewigheid in. Die vraag is: *Is jou lamp vol olie, is jy voorbereid?*

**Koop vir jouself - koop voor dit te laat is (Mat 25:6-13)**

Die hoogtepunt breek aan toe die boodskapper roep: "***Hier kom die bruidegom!"*** Al tien skrik wakker, gryp hulle lampe en steek dit aan. Maar helaas, net 5 slaag. Wanhopig pleit hulle by die verstandiges**: "Gee vir ons van julle olie want ons lampe gaan dood".** Net om te hoor: "Nee!" - dit klink so liefdeloos. Maar die verstandiges was nie lelik met hul vriendinne nie, inteendeel, hulle was begaan oor hulle, wou hulle graag saamneem na die fees en por hulle daarom aan: **"Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie".** Gaan koop vir julle self. Waar is die winkel? Die Bybel het 'n duidelike antwoord: die olie wat jou toegang tot die feesmaal gee, kan net gekoop word op Golgota, by die kruis.

Wat ons wel moet doen, is om die ewige heil van ons mede-feesgangers wie se lampe nog nie brand nie, so op die hart te dra en met ons "nee" nie te wag tot dit te laat is nie. Gee nou die aanmoediging terwyl die geleentheid nog daar is.

Elkeen van ons moet seker maak dat jy wel olie in jou lamp het. Indien nie - God se winkel is nog oop - gaan koop voordat dit te laat is en die deur gesluit is. Die verskriklikste oomblik in die wêreld se geskiedenis breek dan aan - mense staan voor God se toe deur. Wanneer dit sal wees weet ons nie, maar wel dat dit onverwags soos 'n dief in die nag sal wees. Die arme onverstandige meisies het uitgestel en dit te laat besef. Hulle was deel van

die stoet maar hulle gehamer teen die deur om in te kom, was te laat. Die bruidegom antwoord met die verskriklike woorde**: "Ek ken julle nie"**

Daar is 'n groot verskil tussen "ken" en "weet van". Om net kennis van die Here Jesus te neem, gaan my niks baat nie. 'n Persoonlike verhouding werk beide kante toe - albei partye in so 'n verhouding kén mekaar.

Die dwase meisies sou nie die bruidegom kon verwyt dat hulle nie 'n kans gehad het nie - ons ook nie. Jy het kanse gehad: jy is gedoop, jy is 'n lidmaat, jy het 'n Bybel, alles maniere waardeur Jesus aan jou hartsdeur klop. Op hierdie oomblik is die deur nog nie gesluit nie. Dit staan oop vir almal. Jesus sê in **Joh 6:37: "Ek sal hom wat na My toe kom nooit uitwerp nie.**" Kom koop voor dit te laat is.

**Jesus maak die feesdeur oop (Mat 25:10b)**

Die feesmaal eindig met die wederkoms van Jesus Christus, dan word die deur na die feessaal gesluit. Die dwase staan aan die buitekant van die deur en die verstandiges **"het ingegaan na die bruilofsfees en die deur is gesluit."** Ook vir die verstandiges…maar eers toe hulle binne was! Dan geniet hulle dit waarvan Paulus in 1 Kor 2:9 skryf: **"Wat die oog nie gesien, die oor nie gehoor het en in die hart van die mens nie opgekom het nie - dit het God voorberei vir diegene wat Hom liefhet."**

**Die beslissende vraag is:** *Hoe kan ek in die feessaal inkom?* Dit is eintlik die vraag van elke Pinkster wat ook by die eerste Pinksterfees gevra is: **"Wat moet ons doen.?"** En Petrus antwoord: **"Bekeer julle…".** Ons teksvers sê: "**die wat gereed was**." Is ek gereed? Aan watter kant staan ek - buite of binne? Paulus sê in Rom 3:10: **"Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie."** En dan hoor ons die groot **MAAR** in Joh 3:16: **"Maar God ……"** het sy Seun gestuur om self die deur te wees, waardeur 'n mens in die feessaal kan ingaan om vir ewig by Hom te kan wees. Hy het van oorspronklik onverstandiges, verstandiges gemaak.

Met sy sterwe aan die kruis het Jesus die prys wat nodig was vir jou toegang, betaal. Jy sit met 'n komplimentêre kaartjie in jou hand - moet dit nie weggooi nie! Jy wat kan sê: Ek glo in Jesus Christus as my Verlosser, kan dit alleen sê omdat die Heilige Gees daardie geloof in jou bewerk het. **"Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees."(1 Kor 12:3)**

Die Bybel gee ons nog grond vir die sekerheid dat ons die feessaal sal instap in 2 Kor 1:22: **"God het ons ook verseël en ..Hy het die Heilige Gees as waarborg in ons harte gegee."** Dit beteken Hy plaas sy teken van eiendomsreg op ons. Jy is verseël - jy is Syne.

Hoe is die verstandiges by die feesmaal uitgeken? Hulle het olie in hul lampe gehad. Olie - die Bybelse simbool vir die Heilige Gees.

Stap saam as verstandiges met vreugde en sekerheid in die feesstoet en weet: die Deur is oop, ek gaan saam met die Bruidegom feesvier.

*Outeur: 'n Mede-Feesganger Grafika: NG Pellisier*

Indien jy nie volkome seker is dat Jesus Christus jou lewe oorgeneem het nie, kan jy soos volg bid: *"Here Jesus, ek is 'n sondaar. Maar ek glo dat U aan die kruis ook vir my gesterf het. Ek gee myself nou onvoorwaardelik, liggaam, siel en gees aan U oor. Ek neem U op hierdie oomblik aan as my Verlosser en Saligmaker. Hoor my gebed om U liefde ontwil. Amen."*.

*Bron: SO = Solly Ozrovech, Sy lig vir my lewenspad – 5 Junie*

## ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)

Baie geluk met die verjaarsdag en seën vir die nuwe lewensjaar. "Vrede laat Ek julle na – my vrede gee Ek julle. Ek gee dit nie soos die wêreld dit gee nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie." Johannes 14:12 (2020)

### APRIL:

05 – Dries Pretorius (82): Kon nie daarin slaag om hom te kontak nie.
08 – Willie Swanepoel (82) Dit gaan goed. Medikasie vir bloeddruk is verander en dit gaan beter.
11 – Jan Pieterse (82): Dit gaan nie goed nie. Hy is in die hospitaal (Mediclinic) vir 'n operasie. Sy infeksietelling is baie hoog en hy het baie pyn.
18 – Heila Botha (92): Dit gaan baie beter met Tannie Heila. Sy het nuwe medikasie wat baie help.
18 - Flip Venter (82): Flip se oë het gestabiliseer en dit gaan goed. Geen ander klagtes nie.
22 – Koos Meyer (82): Ons kon nie daarin slaag om hom te kontak nie.
23 – Ria Viljoen (82): Ria het 'n pynblok ontvang, maar sy het nog baie pyn en word tans in die versorgingsafdeling van Sally Martin Park versorg.
23 – Jaco Taylor (81): Kon nie daarin slaag om hom te kontak nie.
24 – Dinkels Schultz (90): Tannie Dinkels is baie dankbaar dat dit op so 'n hoë ouderdom nog goed gaan met haar.
27 – Valerie Ellis (84): Ons kon nie daarin slaag on haar te kontak nie.
30 – Wilem du Plooy (81): Dit gaan nog goed. As daar klagtes is, is dit maar die gewone wat die ouderdom bring!

### MEI:

02 – Gert Coetzee (83): Hy sukkel om te loop en te staan. Verder gaan dit goed.
07 - Nellie de Swardt (84): Onder omstandighede gaan dit goed. Haar bene wil nie loop nie maar sy bly besig.
10 – Hazel Wentworth (87): Baie dankbaar dat dit goed gaan, geen groot klagtes nie!
11 – Koos Uys (81): Dit gaan goed, hou vakansie in die Wildtuin.
15 – Alet Fourie (88): Dit gaan baie goed.
18 – Graeme Viljoen (88): Oom Graeme sê dit gaan "OK-erig "met hom.
24 – Geurt du Preez (89): Gaan baie goed, geen klagtes nie!

24 – Charlotte Odendaal (81): Sy geniet nog baie goeie gesondheid en dit gaan baie goed. Alles net genade
28 – René Theron (86):  Sy is pas terug van ‘n drie-weke vakansie en dit gaan baie goed.
26 – Madelein Lategan (81): Dit gaan baie goed en sy het geen klagtes nie.

**JUNIE:**
09 – Alwyn Pieterse (83): Dit gaan onder omstandighede redelik goed.
10 – Lukas Meyer (81): Dit gaan goed. Baie dankbaar.
21 – Cobus Myburgh (95): Onder omstandighede gaan dit goed en hulle kamp nog. Geseënd om so ‘n hoë ouderdom te kon bereik.
30 – Nic Huyser (83): Dit gaan op die oomblik maar moeilik want sy vrou, Jurina, is onlangs skielik oorlede. Ons innige simpatie, Nic, en sterkte vorentoe.
30 – Steve Joubert (82): Word in Sally Martin Park versorg.

**NUWE LERAAR VIR PARYS-WES**

Ds Barry van Wyk het op 29 Oktober 2023 sy emiritaat aanvaar en het aangedui dat hy nog vir 2 jaar op kontrak sou aanbly as leraar van die gemeente. Hierdie kontrak eindig einde Oktober 2025.

Die kerkraad het gekyk na die pad vorentoe vir die gemeente en op 9 Maart het die leier-ouderling, Attie du Plooy, die gemeente ingelig oor die beplanning wat gedoen is en ook dat die kerkraad nou, vir die eerste keer in 20 jaar, ‘n beroep moet uitbring vir ‘n nuwe leraar vir die gemeente.

Die kerkraad het 'n pre-advieskomitee aangewys, die beroepingsproses het begin en die nodige advertensie vir die pos, met sluitingsdatum 31 Mei 2025, is geplaas. Die gemeente is op hoogte gehou met die verloop van die proses en daar is uiteindelik tien aansoeke ontvang.

Die pre-advieskomitee het die aansoeke oorweeg en daar is ‘n kortlys van drie saamgestel. Hierdie kandidate is uitgenooi om op die volgende datums ‘n preekbeurt waar te neem en om vir ‘n onderhoud beskikbaar te wees.

- Dr Wentzel Schoeman – Sondag, 22 Junie 2025
- Ds Ignatius Rademeyer – Sondag, 27 Julie 2025
- Ds Rudolf Botha – Sondag 3 Augustus 2025.

Gemeentelede is uitgenooi om die dienste by te woon sodat hulle hul indrukke van die prediker en die preek op ‘n briefie wat verskaf sal word weer te gee. Op die manier het gemeentelede ook die kans om deel te neem aan die besluit oor die nuwe leraar van die gemeente.

Kom ons as Gemeente bid ook dat God vir ons die nodige leiding en wysheid sal gee om die regte leraar vir die gemeente te beroep.

*Om iemand anders se hartseer te verlig, laat jou van jou eie hartseer vergeet - Abraham Lincoln*

## TWEE VERTONINGS VAN DIE JESUS FILM

**NG Kerk in Afrika in Tumahole.**





Op 11 April 2025 het Parys-Wes se Diensgroep Getuienis die leiding geneem met die vertoning van die Jesus film in Tumahole by die NG Kerk in Afrika. Die Diensgroep het dit goed gedink om die projek saam met van ons buurgemeentes aan te pak en die volgende leraars is gevra om deel daarvan te wees: dominees Barry van Wyk, Fanie le Roux (NG Parys- Suid), Pierre Guillaume (NG Schonkenville) en Petrus Letsele (NG Kerk in Afrika). Elkeen van die leraars het as ‘n funksionaris tydens die aand se verrigtinge opgetree. Die Diensgroep en leraars is hartlik deur ds Letsele bedank vir hul reuse aandeel.

Die program het vlot verloop en ongeveer honderd en sestig persone het na die Jesus Film in Sotho kom kyk. ‘n Groot groep kinders het voor in die kerk stelling ingeneem en die verhaal aandagtig gevolg. Traktaatjies in Suid-Sotho en suigstokkies is aan al die besoekers uitgedeel.

**NG Parys Wes**. Op Saterdag, 12 April 2025 is die Jesus film op inisiatief van die diakonie ook in Afrikaans by NG Parys-Wes vertoon.

Die doel van die projek was om die gemeenskap uit te nooi om saam na die treffende fliek te kom kyk en om uit te reik na mense in die gemeenskap wat hulp nodig het. Hulp kan op twee maniere gedefinieer word, nl materiële hulp en geestelike hulp.

Die geleentheid is voorafgegaan met ‘n bring en braai by die kerk. Deur die genade van die Here is daar ‘n aantal borge gevind wat gehelp het dat gratis worsbroodjies en koeldrank aan mense verskaf kon word. Hierdie is die fisiese voedsel wat gevolg sou word deur die geestelike voedsel van die film. Die kerk het ook ingestem dat van die hulpbehoewende besoekers vir hulself gratis klere in die klerebank kon gaan uitsoek. Die gebaar is opreg waardeer en het gewys hoe die kerk mense kan ondersteun.

Om 18:00 het die filmspan die Jesus film in die kerk vertoon. Daar was 40 plus mense wat die geleentheid bygewoon het. Die meerderheid was van

Parys en enkele persone van Vredefort. Die Jesus film is ‘n besondere stuk werk wat mense diep raak as hulle besef hoe lief God ons gehad het om Jesus deur al daardie pyn te laat gaan sodat ons kan lewe.

Die aand is afgesluit met die sing van die oorwinningslied. Ons glo dat almal wat die geleentheid bygewoon het, besondere baat daarby gevind het om ook saam met die gemeenskap van gelowiges geklee te kon word met God se genade en gevoed kon word deur die Heilige Gees.

Outeurs: *Hannes van Vuuren en Henk Harmse*

*Fotos: Naomie van Vuuren – Aanwesiges en die reëlingskomitee*

*Geen mens verstaan die Skrif tensy hy vertroud is met die kruis nie – Martin Luther*

**BLOEMHOF-RAMP**

*Die watervloed van die Vaalrivier het groot skade aangerig en Bloemhof was een van die plekke wat sleg deurgeloop het. Daar is vir hulp gevra en bydraes vanuit die gemeente is ingesamel. Gideon Swart en **Stephanie Jacobs** is op 23 Mei 2025 na Bloemhof om die bydraes te gaan afgee. Stephanie het die volgende oor hul ervaring geskryf:*

Ons is met ope arms en dankbaarheid deur die mense van Bloemhof ontvang. Met ons ontvangs het Sias, die organiseerder vir die 60 gesinne wat saamwerk, ons vertel en gaan wys watter ongekende skade en verlies deur die vloedwater aangerig is. Ek het daar geleer en ook gehoor wat opregte dankbaarheid is terwyl die mense wat alles verloor het steeds die Here verheerlik. Hulle het selfs tyd gemaak om na ons stories te luister en om vir ons te bid.

Ek het nie woorde om die omvang van die skade te beskryf nie want daar het omtrent niks oorgebly nie. Dit is moeilik om te beskryf watter verliese hul gely het maar ek het wel geleer om die Heer te dank vir dit wat ons elke dag so onverdiend ontvang.

Dankie vir die voorreg om die aflewering te kon doen. Dit was ‘n agt-uur rit op die dag, maar ons het veilig gery.

Baie dankie ook aan almal vir jul bydraes vir die mense van Bloemhof. Dit is met groot dankbaarheid ontvang.




*Foto: Internet*

**DANKIE AAN WILMA DEETLEFS**



Wilma was vanaf 1 Junie 2017 ons baie bekwame kassier wat gesorg het dat die gemeente se finansies reg loop. Aangesien sy ook in eie reg ‘n besigheidsvrou is, het sy besluit om in hierdie moeiliker finansiële omstandighede, haar volle aandag daaraan te gee en sy het die kerk se diens op 31 Maart 2025 verlaat.

Haar kundigheid oor die kerk se finansies is gelukkig nie totaal verlore nie aangesien sy nou ‘n ouderling en die voorsitter van die Taakgroep Finansies is. Baie dankie Wilma. Ons waardeer al jou insette en bydraes.

**WELKOM AAN CHRISTIE HENERY**



Met die vertrek van Wilma is daar geadverteer vir ‘n nuwe kassier en ons was in die gelukkige posisie dat Christie Henery, ook ‘n oud-bankamptenaar en oud-kollega van Wilma, haar naam in die hoed gegooi het. As iemand wat weet hoe geld werk en met ondersteuning van Wilma, kon sy haar dadelik na aanstelling op 1 April 2025 ingrawe in haar nuwe taak. Net sodat almal in die gemeente kan weet wie Christie Henery is, hier is haar kort antwoord op die vraag *Wie is Christie*?:

“*Ek is van 2-jarige ouderdom 'n Parysenaar en het hier begin skoolgaan en gematrikuleer. In 1989 het ek by Standard Bank begin werk en my bankloopbaan in 2019 as takbestuurder van die Parys-tak afgesluit. Ek is met Wynand, wat by SASOL werk, getroud. Ons het drie kinders, 2 seuns en 'n dogter, wat almal al getroud en uit die huis is. Tans het ons 3 kinders in pleegsorg en ons eie 2 kleinkinders wat ons help grootmaak. Dit is vir my en my gesin 'n baie groot voorreg om deel te wees van die NG Parys-Wes Gemeente-familie en om saam met almal te kan werk.”*

*Foto: NG Parys-Wes se kantoorpersoneel – Christie, Annelie en Dries*

## SOP-EN-BROOD-AAND

Lede van die Diensgroepe werk hard om die nodige fondse vir hul onderskeie aktiwiteite in te samel. Een van die baie populêre geleenthede is die jaarlikse sop-en-broodaande van die Diensgroep Getuienis.

Om hierdie geleentheid moontlik te maak word daar vooraf beplan wie maak sop, wie bak brood (daar word gepoog om tuisgebakte brode voor te sit), wie voorsien die soetigheidjie en natuurlik ook die ou soetetjie.

Daar is weer kaartjies verkoop @ R40 vir volwassenes en R30 vir kinders. kon weer hul sop, met 'n keuse van 4 soorte sop, vooraf kom haal of dit saam met die ander in die saal geniet. Dit is normaalweg 'n groot saamkuier en vanjaar het dit op Vrydagaand, 9 Mei plaasgevind.

Die aand is afgesluit met 'n lekker koppie koffie en 'n soetigheidjie.

Baie dankie aan die Diensgroep Getuienis en almal wat gehelp het om die geleentheid moontlik te maak. Dit bly 'n hoogtepunt op die kalender.

## WELKOM BY NG PARYS-WES

Hartlik welkom by NG Parys-Wes en ons vertrou dat jul verblyf in die gemeente vir julle tot groot seën sal wees. Om te verseker dat jul heeltemal tuis is, raak betrokke. Die kerkkantoor het die inligting oor Diensgroepe waar julle kan inskakel.

| Naam & Van | Vorige Gemeente | Wyk |
|---|---|---|
| Leonard Freeman | NG Witbank-Suid | Freedman |
| Sarie Herholdt | Hervormde Kerk Primrose-Oos | Najaarsrus |

## DOOP



Hartlik geluk aan Coenraad en Kariena Nolte en ousus Ilara met die doop van klein Christia, wat op 21 Oktober 2024 gebore is, op Sondag, 23 Maart 2025. Baie geluk ook aan die oupas en oumas, party van ver, wat die geleentheid bygewoon het. Ons vertrou dat Christia saam met ousus Ilara vir julle almal tot groot vreugde

en seën sal wees.

Die volgende is ‘n deel van hul boodskap aan Christia wat Kariena na die doop met die gemeente gedeel het:






**PARYS-WES SE ROLBALDAG- 31 Mei 2025. Berig op bladsy 15.**

**VERHOUDINGE VAN GEMEENTES MET DIE NG KERKVERBAND**

Daar is allerhande woelinge in die kerk en die groot vraag op hierdie stadium is om te doleer of nie te doleer nie, m.a.w. aanvaar die leierskap van die kerk (Algemene Sinode) of nie.

Die Ring van Vaalrivier het na besinning in Maart 2025 ‘n brief aan al die gemeentes in die Ring, waarvan Parys-Wes ook deel is, gestuur waarin gemeentes versoek is om 6 moontlikhede te oorweeg en om aan te dui waar die gemeente staan. Hierdie moontlikhede het gewissel van aanvaarding van die *status quo* en die huidige leierskap van die kerk aan die een kant en dan aan die ander kant dat die gemeente sy bande met die sinode verbreek, dat alle lidmate bedank as lede van die NG Kerk en dat ‘n nuwe kerk gevorm word.

Na insette deur die gemeente, het die kerkraad die volgende brief op 22 Mei aan die Ring van Vaalrivier gestuur:

“*Dr Roelf Pienaar*
*Voorsitter : Ringskommissie Ring van Vaalrivier*

*Geagte Voorsitter*

***VERHOUDINGE VAN GEMEENTES MET DIE NG KERKVERBAND***

*Hiermee wens die Kerkraad van Parys-Wes NG Kerk na aanleiding van u skrywe gedateer 18 Maart 2025 terug te rapporteer.*

*Op ‘n Buitengewone Kerkraadsvergadering gehou op 15 Mei 2025 het hierdie Kerkraad op opsie 3 besluit.*

*In die lig van bogenoemde besluit van hierdie Kerkraad en Gemeente is ons bekommerd en hartseer oor die hantering van die volgende sake:*

- *Dieselfde geslagverhoudings.*
- *Bestaan van die Bose.*
- *Teologiese opleiding.*
- *Aborsie.*

*Seën word u toegebid!*

*Ds Barry van Wyk*
*Leraar* “

Vir duidelikheid oor wat die kerkraad se besluit beteken, word opsie 3 uit die Ring van Vaalrivier se brief hier herhaal:

*“Opsie 3 is om skriftelik by die ringskommissie aan te meld dat die kerkraad nie saamstem met al die besluite van die Algemene Sinode of die*

*Vrystaatse Sinode nie, aan te dui oor watter besluite daar ontevredenheid is en hoe die kerkraad en gemeente self daaroor dink. Met hierdie opsie kies die kerkraad nie om te doleer nie, maar om nie alle besluite sonder meer te aanvaar nie."*

## BESOEK VAN DR NICO MOSTERT VANAF DIE VRYSTAATSE SINODALE KANTOOR IN BLOEMFONTEIN



Die Diensgroep Getuienis nooi twee of drie keer per jaar iemand, 'n leraar of iemand anders om 'n boodskap te lewer wat aansluit by die Diensgroep se missie, wat spruit uit die derde been van die gemeente se missie nl. Getuienis, wat gegrond is op Markus 16:15: "*Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." (2020)*

Dr Nico Mostert**,** direkteur van Vennote in Getuienis by die Vrystaatse Sinode het die gemeente op 4 Mei 2025 besoek en die diens gelei. Die tema vir sy preek, wat gebaseer was op Handelinge 1:8, was "**God se sending in die Wêreld".** Hy het ook terugvoering gegee oor hul taak en die aanwending van fondse afkomstig van gemeentes. By die Sinodale kantoor is daar net drie predikante vir die verskillende bedienings (sending, diens van barmhartigheid, bedieningsbegeleiding) en dan die administratiewe personeel.

Tydens die opname van die kollekte is daar 'n skyfiereeks oor die taak en diens van die Diensgroep Getuienis vertoon.

Dr Mostert se boodskap is nog beskikbaar op YouTube en die PowerPoint aanbieding by Dries.

*Foto: Dr Nico en sy vrou (derde en vierde van links) saam met lede van die Diensgroep Getuienis + 1 - Fotograaf: Naomie van Vuuren*

**ONS WINKEL – *NIE NET DAAR VIR DIE GELDMAAK NIE!!***

Ons gemeente het, onder leiding van die koffie-en-kuiergroep, 'n "winkel" wat op Dinsdae tussen 15:00 en 16:00 en Donderdae tussen 09:00 en 11:00 "pre-loved" klere by die kerksaal verkoop. Interessant genoeg is die hergebruik van klere besig om toe te neem en in die stad praat hulle van "Thrifting". Dit begin byna mode raak om klere te sirkuleer.

Daar word goed boek gehou van die inkomste van die projek en daardie fondse word vir spesifieke projekte aangewend. Verder word van die klere ook gebruik in uitreikaksies en 'n groot klomp klere is saam met Gideon-hulle aan die vloedgeteisterde slagoffers in Bloemhof gestuur. Tydens die onlangse vertoning van die Jesus film in ons kerksaal is daar ook aan van die mense die geleentheid gegee om gratis klere uit te soek by die winkel. Van die klere is ook al aan die kinderhuise in Sasol en Bethlehem gestuur.

*Ons soek asseblief mense om in die winkel te help. Kontak die Kerkkantoor as u wil help of dalk klere het om te skenk. Dit is altyd welkom.*

**KIDS GAMES BY NG PARYS-WES**



Die **Kids Games-program** word nou gereeld by Parys-Wes aangebied en dit was weer die geval gedurende die April-skoolvakansie. Die program is spesifiek vir laerskoolkinders en word ook gedurende die Junie-vakansie in Potchefstroom aangebied. Hierdie besondere gemeenskapsprojek bied 'n puik georganiseerde en gestruktureerde program wat nie net hope pret en plesier om ledige vakansie-ure om te kry bied nie, maar wat ook op 'n besondere manier die evangelie aan jong kinders verkondig. Verskeie kerke in die omgewing is ook by die program betrokke.

*Foto - Dries*

**PARYS-WES SPEEL ROLBAL**

Parys-Wes het weer op 31Mei 2025 ‘n rolbalkompetisie vir die gemeente gehou. Sestien spanne met 4 spelers elk het ingeskryf en die meeste spanne het uit 2 volwassenes en 2 kinders bestaan. Party het al 'n bal gerol maar ander nog glad nie.

Daar was baie pret en daar is baie gelag. Aan die einde van die dag was daar die volgende wenners:

Die algehele wenner was Johan Odendaal se span genaamd *“Die Oldies”* en hul het elk ‘n “hamper” van Granny’s Pies as prys ontvang. In die tweede plek was dit *“Die Crocs”* met as lede Daan, Yolandè, Dian en Ardu Potgieter wat elkeen 'n raampie eiers, geskenk deur Hy-Line, gewen het. Die prys vir die derde plek het aan die *Van Wyks* (ds Barry en familie) gegaan en hulle het ook heelwat eiers ryker geword. Die 4de prys is deur *“die Brieke”* (Lisa, Brakes, Gideon en Leenerd) gewen. Hulle het John Deere-pette wat deur Senwes Equipment, Vereeniging geborg is, ontvang. Die “*Byeskool”* van Albert en kie was die besgeklede span. Daar was ook gelukkige trekkings en Anneke Pretorius het 'n geskenkbewys van Hair by Us vir 'n sny en blaas ontvang terwyl Daan Potgieter 'n vetplant in 'n gieter (hoe ironies😊) van Parys Kwekery gewen het. Die ouens wat die meeste bolle moes rol om by die einde van die dag uit te kom, is met vier pakkies Avon-produkte, geborg deur Corina, beloon.

Gemeentelede het ook gesorg dat daar worsbroodjies en pannekoek te koop was. Die mooi bedrag van R4656.00 is ingesamel.



Baie dankie aan al die deelnemers en mense wat gehelp het met die reëlings en verversings. Dit was ‘n dag van van heerlike samesyn en pret.

*Berig en foto’s - Yolande*

## NAGMAAL TYDENS PINKSTERFEES OP SONDAG 8 JUNIE 2025




*Foto – Dries*

**‘n Rustige besoeker**

Tydens die doop in Maart was daar, benewens die familie, ook ‘n vierpotige besoeker wat wou sien wat gebeur. Hy was redelik rustig, veral nadat hy ‘n lekker skoot gekry het om op te sit en self te slaap.





**Die mooi gedekte tafels vir die sop-en-broodaand**

*Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan [hansieb@lantic.net](mailto:hansieb@lantic.net). Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 082 820 4306.*